

Maandag 13 Mei

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:3-21

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 6:12

Dié wat God roep, bely hulle geloof

God het dié wat Hy uitverkies het, geroep tot die ewige lewe. God roep, uit genade, deur sy Woord en Gees. Hy roep deur sy Woord wat gepredik word (Rom. 10:14) dat Jesus Christus vir ons sondeskuld volkome betaal en deur sy opstanding uit die dood die ewige lewe verwerf het. Hy roep deur sy Gees in die harte van die uitverkorenes om sy Woord te glo en te aanvaar.

Baie verstaan die ewige lewe as iets wat jy gaan ontvang as jy gesterf het, maar in die Woord is die ewige lewe 'n lewe wat nou reeds begin. Timoteus kry opdrag om die ewige lewe te gryp, vas te gryp! Hy moet dit nou gryp en dit nooit los nie. Hy moet nou al lewe soos een wat verlos is. Hy moet nou lewe soos een wat weet dat Jesus Christus sy Koning is. Die gelowige is binne 'n gebroke lewe, dis 'n stryd om aan die geloof vas te hou. Dit is 'n stryd omdat daar soveel versoekinge, dwalinge en gierigheid bestaan wat op die tydelike lewe gefokus is. Maar die gelowige het Jesus Christus as Leidsman en die Heilige Gees as Trooster.

Timoteus het vroeër voor baie getuies die ewige lewe bely, dit wil sê hy het by 'n spesifieke geleentheid voor God en baie getuies bely dat hy die ewige lewe gegryp het. Hy het bely deur die versoeningswerk van Jesus Christus en deur die inwerking van die Heilige Gees dat hy die ewige lewe ontvang het. Hierdie belydenis in die verlede moet Timoteus najaag en vasgryp elke oomblik in die hede. Die Gereformeerde Kerke bied aan gelowiges by 'n spesiale erediens die geleentheid om voor God en baie getuies te bely dat God hom/haar geroep het tot die ewige lewe. Dié wat God geroep het tot die ewige lewe, bely hulle geloof egter ook in die hede.

U wat deur God geroep is, bely u nog die ewige lewe? Is u lewe ook 'n belydenis dat Jesus Christus u Koning is, of word u regeer deur vrees vir die wêreldmagte, die skitterglans van verganklike goud en die nietigheid van liggaamskrag? God roep en u moet bely!

Sing: Psalm 145-1:1, 2, 4

Ds. HL Stavast (Henk) (Totiusdal)